Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 14 MAART 2018 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, om die verteenwoordiger van die *Hope Through Action Foundation (SA) (*HTAF), mnr Jeff Spinks, en die raadgewende ingenieur van *Lyners*, mnr Fred Laker, aan die komitee voor te stel.

Mnr Scholtz noem dat die bevoegdheid aan mnr Spinks verleen is om namens HTAF die ooreenkoms onder item 7.1 te onderteken. Mnr Scholtz bedank mnr Laker vir sy betrokkenheid by die projek en spreek sy waardering teenoor *Lyners* uit vir die waarde wat tot die projek toegevoeg is deurdat 'n groot deel van die beplanning op risiko gedoen is.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphryes en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton wat weens ander verplingtinge nie die vergadering kan bywoon nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER: ERNS VAN DIE WATER SKAARSTE (16/1/1/7)

Die voorsitter gee die volgende inligting deur:

- Vlak van Voëlvleidam = 15,1%
- Vlak van Misverstanddam = 37,65% (63 dae water oor)
- Totale vlak van damme = 23%

Die voorsitter/...

3.1/...

Die voorsitter bevestig dat die pompe reeds by die Voëlvleidam aangebring is om water vanaf die laer gedeeltes van die dam oor te pomp na die Swartland inlaatwerke.

Daar word tans boorgate gesink in Riverlands en Chatsworth, maar daar sal dringend ook in Koringberg geboor moet word, aangesien Moorreesburg en Koringberg uit die Misverstanddam van water voorsien word, en probleme ondervind word om die vlak van die Misverstanddam voldoende uit die Voëlvleidam aan te vul.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Februarie 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7 MAART 2018

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 MAART 2018

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 ONDERTEKENING VAN MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING ("MOU") TUSSEN *THE HOPE THROUGH ACTION FOUNDATION (SA)* [HTAF] EN SWARTLAND MUNISIPALITEIT (5/9/2/1, 2/1/4/B)

Mnr Scholtz noem dat dit 'n groot hoogtepunt is om die Memorandum van Verstandhouding tussen die HTAF en Swartland Munisipaliteit in die teenwoordigheid van mnre Spinks en Laker te onderteken. 'n Bedrag van R22 miljoen word deur die HTAF aan Swartland Munisipaliteit bewillig vir die oprigting van 'n binnenshuise en buitenshuise sportfasiliteit.

Rdv Goliath noem dat sy, as voormalige wyksraadslid van Wyk 11, uiters trots is dat die projek na ses jaar se beplanning met behulp van die mildelike bydrae deur HTAF kan realiseer.

7.1/...

Rdl Stemele noem dat die projek ses jaar gelede slegs 'n droom was, maar noudat dit gaan realiseer, kan daar met sekerheid gesê word dat dit 'n groot verandering in die omliggende gemeenskappe gaan bring. Die jeug is gereed om hierdie fasiliteite ten volle te benut, aangesien dit 'n groot leemte gaan vul ten opsigte van die behoeftes van die jeug.

Mnr Spinks bevestig sy opgewondheid oor die projek, en noem dat dit 'n eer is om saam met Swartland Munisipaliteit te werk wat beskou word as 'n Munisipaliteit van uitnemendheid. Mnr Spinks noem verder dat dit 'n doelwit van die projek is om positiewe verandering in die gemeenskap te bring.

EENPARIGE BESLUIT

(a) Dat daar met waardering (en blydskap) kennis geneem word van die realisering van hierdie ses jaar lange inisiatief ingevolge waarvan die HTAF R22 miljoen gaan bydrae tot 'n binnenshuise en buitenshuise sportfasiliteit en waar Swartland Munisipaliteit gaan poog om R6 560 887,00 miljoen (RSEP en CRR) fondse beskikbaar te maak;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die ooreenkoms namens Swartland Munisipaliteit te onderteken en dat die Uitvoerende Burgemeester die ooreenkoms in 'n seremoniële hoedanigheid mede-onderteken;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die administratiewe proses deurloop word vir publieke kommentaar ingevolge waarvan die perseel (van erf 9206) vir 'n periode van 50 jaar aan die HTAF verhuur staan te word;

(d) Dat goedkeuring verleen word om 'n onderneming te gee vir die bydrae van Swartland Munisipaliteit vir die volgende bedrae:

(i) R1 560 887,00 miljoen (BTW uitgesluit) vir die huidige finansiële jaar;
(ii) R4 miljoen (BTW uitgesluit) R3 miljoen uit die CRR en R1 miljoen uit RSEP vir die 2018/2019 finansiële jaar;
(iii) R1 miljoen (BTW uitgesluit) hetsy, CRR of RSEP of 'n kombinasie van beide ten aansien van die 2019/2020 finansiële jaar;

(e) Dat goedkeuring eweneens verleen word vir bydrae tot bedryfsuitgawes soos gemeld in paragraaf 3(d) van die MOU.

7.2 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 28 NOVEMBER 2017 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 28 November 2017 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die notule van 'n Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 28 November 2017.

7.3 NOMINASIES: AANWYS VAN RAADSLEDE OP GESONDHEIDSORG-FASILITEITE KOMITEES (3/3/1)

'n Omsendbrief is ontvang vanaf die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, *HOD Circular 1 of 2018*, waarin Munisipaliteite versoek word om raadslede aan te wys na die Primêre Gesondheidsorgfasiliteite Komitees.

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Omsendskrywe 1 van 2018 ontvang vanaf die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid gedateer 28 Februarie 2018;

(b) Dat die volgende raadslede genomineer word om namens die Swartland munisipale raad die gesondheidsfasiliteite geleë binne die munisipale gebied op die Gesondheidsorgfasiliteite Komitees te verteenwoordig, naamlik

- Malmesbury CDC : rdl O M Stemele
- Darling Clinic : rdl M A Rangasamy
- Moorreesburg Clinic : rdl M van Zyl
- Riebeek Kasteel/Riebeek West Cluster: : rdl N Smit

(c) Dat rdv M S I Goliath genomineer word om as sekundi vir enige van voormelde raadslede te dien;

(d) Dat voormelde nominasies aan die Provinsiale Minister van Gesondheid voor/op 15 Maart 2018 deurgestuur word.

7.4 STRATE HERSEELPROGRAM (15/5/5/1) (ALLE WYKE)

'n Bedrag van R10 miljoen is beskikbaar in die 2017/2018 finansiële jaar vir die herseel van bestaande geplaveide strate in die Swartland munisipale gebied.

Die aangehegte herseelprogram is opgestel na aanleiding van die tender wat ingewin is.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte herseelprogram goedgekeur word;

(b) Dat kennis geneem word dat die aangehegte herseelprogram aangepas kan word na aanleiding van die uitgawes verbonde aan die voorbereiding van strate vir die herseel daarvan.

7.5 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir 'n periode van drie maande, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is 'n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot 'n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 10 April 2018 tot 10 Mei 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.6 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 27 Maart 2018 tot 26 April 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.7 VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

'n Openbare mededingingsproses is deurloop om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel, nadat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen het om voorstelle in te win vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ±17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg.

Die Koringbedryfmuseum was die enigste instansie wat belangstelling getoon het om die gedeelte grond vanaf die Munisipaliteit te huur.

BESLUIT

(a) Dat die laat indiening van die tender deur die Koringbedryfmuseum gekondoneer word, vir die volgende redes:
- Geen ander tendervoorstelle teen die sluitingsdatum ontvang is nie, en daar dus nie ander tenderaars is wat potensieel benadeel kan word nie;
- Daar ook in die voorafgaande twee jaar geen ander tendervoorstelle anders as dié van die Koringbedryfmuseum ontvang was nie, en ook geen ander belangstelling getoon is in die grond tydens die advertensieperiode nie;

(b) Dat Tender L07.17.18 vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R300,00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum toegeken word, vir 'n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 April 2018;

(c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken.

7.8 HUUR VAN STOORRUIMTE TE MALMESBURY (12/1/2-6/2)

Die Raad huur tans stoorruimte te Malmesbury vanaf die Bester Familietrust vir die stoor van vullissakke en watermeters.

Die stoorruimte word vir 'n verdere termyn benodig.

Besluit/…

7.8/…

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met Bester Familietrust aangegaan word vir ‘n verdere termyn van 12 maande vir die huur van stoorruimte te Malmesbury, met ingang vanaf 1 April 2018;

(b) Dat huurgeld ten bedrae van R1050,00, BTW ingesluit, per maand betaal word uit posnommer 9/241-369-3007 (aankoop van vullissakke);

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag bly.

7.9 KANTOORAKKOMMODASIE: MOORREESBURG SPORTFORUM (12/1/3/1-9/1)

Die kantoorruimte, bekend as die ou Toerismekantoor, word aan die Moorreesburg Sportforum op ‘n jaar tot jaar basis verhuur.

‘n Aansoek is ontvang om die kantoor vir ‘n verdere termyn van twaalf maande te huur.

BESLUIT

(a) Dat die ou Toerismekantoor te Moorreesburg m.i.v. 1 Mei 2018 vir ‘n verdere termyn van 12 maande aan die Moorreesburg Sportforum verhuur word ter uitvoering van hul administratiewe funksies;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 plus 15% BTW per maand;

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes sal bly geld;

(d) Dat, alvorens die volgende hernuwing van die huurooreenkoms oorweeg word, die Moorreesburg Sportforum versoek word om ‘n jaarverslag van hul bedrywighede aan die Munisipaliteit voor te lê.

7.10 AFSKRYF VAN VERLORE BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER (5/14/3/5)

Die jaarlikse bate-opname van alle roerende items het plaasgevind tussen Augustus en Oktober 2017. Uit ‘n totaal van 8 240 items wat nagegaan is, kon slegs 3 items nie opgespoor word nie. Hierdie klein persentasie van verlore bates dui daarop dat effektiewe interne kontroles in plek is om die bates van die Munisipaliteit te bestuur.

BESLUIT dat goedkeuring verleen word dat die verlore bates ten bedrae van R936,03 afgeskryf en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2018 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Februarie 2018.

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 28 Februarie 2018 soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER